

# INDUSTRIALISASIE IN SA\*

Siyavula Uploaders

This work is produced by The Connexions Project and licensed under the Creative Commons Attribution License †

1

2 **SOSIALE WETENSKAPPE: GESKIEDENIS**

3 **Graad 8**

4 **GROND EN MAG**

5 **Module 8**

6 **Industrialisasie in Suid-Afrika**

Suid-Afrika beskik oor 'n geweldige mineralerykdom. Goud, diamante en platinum en noodsaaklike basismetale soos koper, tin, yster, lood en sink word ontgin. Die mynbou-sektor is dus 'n belangrike bron van werkskepping. Die enigste ander land met so 'n omvangryke verskeidenheid minerale en metale soos Suid-Afrika is die uitgestrekte Rusland.

Die Ontdekking van Goud en Diamante in Sa

Teen die middel van die negentiende eeu was die gebiede wat Brittanje in Suid-Afrika gekoloniseer het, vir die Britte 'n ekonomiese las. Droogtes in die Kaapkolonie; gevegte in die Oranje-Vrystaat met die Basoeto's en swak binnelandse markte in die ou ZAR (Transvaal) het daartoe gelei dat die Britte hul beheer oor hierdie gebiede beëindig het deur die ondertekening van die Sandrivierkonvensie in 1852 met Transvaal en die Bloemfonteinkonvensie in 1854 met die OVS.

Die ontdekking van goud in 1868, noord van die Limpopo-rivier, by Tati het aanvanklik nie veel aandag getrek nie, want in 1867 is die eerste diamant naby Hopetown ontdek. Hierdie diamante was spoeldiamante, wat in die spoelgrond langs die riviere aangetref is.

Weerskante van die Vaalrivier is meer diamante gevind wat gelei het tot 'n grootskaalse instroming van delwers. Die delwers kon nie met Pretorius, die president van die ZAR oor hul regte ooreenkom nie en het hul eie delwersrepubliek by Klipdrif uitgeroep.

In 1870 en 1871 is diamante verder van die Vaalrivier af, eers by Dutoitspan (later Kimberley) en toe by Vooruitzicht ontdek. Hierdie droë delwerwe het bekend geword as die grootste diamantvondste in die wêreld en buitelanders het nou op die gebied toegesak. Konflik tussen die verskillende aanspraakmakers op die diamantgrond, naamlik die republieke, die kolonies en die inboorlingkaptein was onvermydelik.

Alhoewel J.H. Davis al in 1852 die eerste goud in die bekende Witwatersrand op 'n plaas naby Krugersdorp ontdek het, het die ZAR-regering hom gedwing om stil te bly daarvoor. Verskillende ander goudvondste is gemaak, soos die vonds van Walker en Harrison op die plaas Langlaagte. Eers in 1886 was dit duidelik dat hierdie vonds die hoofgoudrif van die Witwatersrand was.

---

\*Version 1.1: Jun 10, 2009 6:08 am -0500

†<http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/>





LU 2
Geskiedkundige Kennis en BegripDie leerder is in staat om historiese kennis en begrip te toon.
Dit is duidelik wanneer die leerder:
2.1 verbande tussen geskiedkundige gebeurtenisse en prosesse in verskillende kontekste in dieselfde tydperk begin trek [chronologie en tyd];
2.2 verstaan dat daar 'n verskil in die belangrikheid van gebeurtenisse se oorsake en gevolge is [oorsaak en gevolg];
2.3 veranderinge in 'n groter historiese en omgewingskonteks verduidelik [kontinuiteit en verandering];
LU 3
Geskiedkundige InterpretasieDie leerder is in staat om aspekte van die geskiedenis te interpreteer.
Dit is duidelik wanneer die leerder:
3.1 geskiedkundige interpretasie ondersoek deur relevante vrae oor 'n geskiedkundige bron se skrywer te stel [interpretasie van bronne];
3.2 die verskillende maniere waarop die gebeure in die verlede aangebied en geïnterpreteer is, kan identifiseer en beredeneer [interpretasie van bronne];
3.3 verduidelik waarom geskiedenis nie objektief of neutraal is nie [interpretasie van bronne];
3.4 verstaan dat identiteitsgevoel die manier waarop gebeurtenisse in die verlede geïnterpreteer word, kan beïnvloed [interpretasie van bronne];
3.5 belangrike kenmerke en gebruike van materiële oorblyfsels van die verlede in 'n gegewe konteks beskryf [voorstelling van die verlede];
3.6 verduidelik waarom dit belangrik is om ons natuurlike en kulturele erfenis te bewaar (bv. voorwerpe, geboue en ander erfenisgebiede) [voorstelling van die verlede];
3.7 verduidelik hoe en waarom mense se herinneringe van die verlede mag verskil [voorstelling van die verlede].

Table 3